# 1
# vuurvliegies

"Ek wed jou ek vang die eerste een, Martin!" roep Jani Jonker. Sy storm die huis uit, en af met die trappe tot in hulle groot tuin. Onder haar arm klem sy 'n groot fles vas. Haar ouma het nog laas jaar vir hulle ingelegde perskes daarin gebring. Maar vanaand gaan sy die fles vir iets heeltemal anders gebruik.

Jani kyk oor haar skouer. Haar broer, Martin, is kort agter haar. Hy het ook 'n fles by hom. Jani glimlag. Haar fles is groter, want sy is groter as hy – so, dis net regverdig.

"Wed jou ek vang die eerste vuurvliegie!" roep Jani weer.

Martin snork. Gou is hy langs haar. "Jy kan nie eens 'n vuurvliegie in die donker sien nie," sê hy.

Jani wil nog stry, toe steek Martin sy voet uit. Sy sien dit te laat en struikel op vol spoed. Soos 'n vrot piesang trek sy deur die lug. Haar fles slaan bollemakiesie oor die gras en sy rol saam.



"Vreet jy lekker gras?" lag Martin.

"Ag, loop vlieg jy!" sê Jani. Sy spoeg 'n mond vol gras skelm uit sodat hy nie kan sien sy het rêrig gras geëet nie. Gou is sy weer op haar voete. Sy gryp haar fles.

Broers is die simpelste goed op aarde! stoom dit in haar.

Vanaand wys sy hom wie is baas. Vanaand vang sy die eerste vuurvliegie van die somer. Jani en haar broer kyk elke jaar wie die eerste een in hulle tuin kry. Martin was laas jaar net baie gelukkig. Die jaar voor dit ook, want hulle pa het hom gehelp. Dit was nie regverdig nie, maar Martin het net oopmond vir haar gelag toe sy kla.

*Vanaand gaan sy vir hom lag.*

Jani swenk weg by 'n groot struik. Verlede somer het die vuurvliegies doer agter in die hoek van die tuin gekuier. Daar is 'n klein dammetjie. Dalk is hulle weer vanjaar daar.

Martin steek 'n laaste keer vir haar tong uit. Toe kies hy 'n ander koers.

Jani hoop net hy het nie al geloer waar hulle vanjaar is nie. Dit sal sleg wees as haar jonger broer haar weer wen.

Sy moet wikkel, besef sy en sit nog spoed aan.

Voor haar sien Jani die visdam. 'n Klomp plante groei om die water. Daar is 'n voetpaadjie ook.

Jani draf soontoe. Sy wip oor 'n paar klippe in die dammetjie. Rats spring sy in die tuin anderkant die water.

Meteens sien sy dit: die sagte glim tussen die takke van 'n klein struik.





“Daar is jy!” fluister sy vir die vuurvliegie.

“Kry jy iets?” roep Martin van ver af.

“Nee!” jok Jani. Maar sy skroef solank haar fles oop. Sy moet versigtig wees. Netnou skoert die vuurvliegie. Jani dink dit egter skaars toe honderde ander liggies in die struike om haar opvlam. Almal vuurvliegies.

Sy kan dit nie glo nie. Dit lyk soos ’n sprokie.

Vir ’n oomblik bewonder sy die mooi liggies.

Nou moet sy net een van hulle kies. Sy leun nader aan ’n takkie. ’n Vuurvliegie glim helder op ’n blink blaar. “Jy is pragtig,” sê sy sag vir hom.

Jani bring die fles versigtig nader.

Sy hou haar asem op.

Skuif die fles oor die vuurvliegie.

Nou!

Maar net toe sy dit wil doen, roep Martin van die tuinhek af. “HET HOM, JANI! DIE EERSTE EEN. WHÊÊÊ!”

Jani is dadelik vies. Sy ruk haar kop op. Dis asof die vuurvliegie ook opskrik. Net vir ’n rukkie. Toe land hy weer glimmend – op haar wysvinger.

Kort daarna kom die pyn.

Dit skiet in haar vinger op. Jani gil. Van skrik struikel sy ook nog. Met ’n plons beland sy binne-in die visdam agter haar. Sopnat en slykerig – haar skoene, haar klere, haar hare. Alles!



Jani kners op haar tande. Sy klap sommer die water. Sy voel weer die seerplek op haar vinger. Versigtig lig sy haar hand. Punt haar vinger en besef: **DIE SIMPEL VUURVLIEGIE HET HAAR GEBYT.**

